

SESSIE 1

TEOLOGIE

Armoede en voorspoedteologie: Neo-Pentekostalistiese beloftes van voorspoed en rykdom vir almal



Prof. Marius Nel, Eenheid vir Reformatoriese Teologie,
Fakulteit van Teologie, Noordwes-Universiteit

Opsomming:

Voorspoedteologie speel 'n belangrike rol in Afrika en bereik talle mense deur hulle verbeeldingryke gebruik van sosiale media, televisie en ander elektroniese hulpmiddele. Demograwe reken dat neo-Pentekostalistiese onafhanklike kerkgroepe die gesig van die Christendom in Afrika verander en sommige verwys selfs na 'n Afrika-Reformasie. Terwyl die kontinent onder die vloek van armoede swig, belowe voorspoedleraars rykdom vir gelowiges wat die geloofsformules volg wat voorspoedleraars as deel van die *Faith Movement* meen in die Bybel opgesluit lê. Die vraag word gestel: hoekom beïnvloed voorspoedteologie groot massas arm mense wat hulle geld bydra tot 'n teologiese sisteem wat hulle skynbaar nie baat nie? Die artikel demonstreer die positiewe en negatiewe invloed wat godsdienste op mense se eksistensiële belewenis kan uitoefen.

Kort CV:

Marius Nel beklee die navorsingsleerstoel ter uitvoering van die navorsingsprojek Ekumene: Pentekostalisme en Neo-Pentekostalisme by die Potchefstroomkampus van Noordwes-Universiteit. Sy spesialiseringsterreine sluit in apokaliptiek in die Ou en Nuwe Testament, geskiedenis van die Pinksterbeweging asook Pinksterhermeneutiek. Hy is die outeur of medewerker van 30 publikasies en 100 wetenskaplike artikels asook medewerker aan *Die Boodschap*, *Multivertalingbybel*, *Nuwe Lewende Vertaling* asook *Die Bybel: Direkte Vertaling*. Hy is betrokke by die AGS se teologiese opleiding en is lid van die Ou Testamentiese Werkgemeenskap van SA, die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van SA en die *Society of Biblical Literature*.

Armoede en die rol van die Kerk



Prof. Nico Botha, emeritus professor in Teologie, Unisa

Opsomming:

In die nadenke oor Kerk en armoede gaan dit om die drievoudige/drieërlei respons: met die hart, die hoof en die hande. So 'n konstruksie van Kerk en Teologie se reaksie op armoede is meer as 'n blote woordspeling, maar stel 'n spesifieke ontologiese en epistemologiese benadering daar. Dit gaan uit van die veronderstelling dat daar in postkoloniale terme 'n partikuliere wyse van kyk is na die wêreld van die armes in die konteks van armoede. Die vraag wat aan die orde gestel word, is: wat sien 'n mens of hoe sien 'n mens? Die uitdaging wat dit aan Kerk en Teologie stel, is om 'n posisie van solidariteit in te neem en hand aan hand met die armes te werk in die bestryding van armoede. In die lig van 'n ontologiese en epistemologiese benadering word daar in die voordrag twee dekonstruksies bewerkstellig. Eerstens dat die armes en armoede nie op grond van velkleur of haartekstuur gedefinieer kan word nie. Tweedens, dat dit soms wel van kardinale belang is om armoede vanuit 'n heel spesifieke konteks te verstaan. Anders gestel, dit is soms belangrik om in die lig van die erfenis van koloniale apartheid en die nalatigheid en sinisme van die afgelope 27 jaar van bruin, swart of wit armoede te praat. Nog anders gestel, armoede sal moeilik diepgaande bestry kan word sonder in agneming van die geskiedenis van armoede.

Kort CV:

Nico Adam Botha is gebore te Douglas in die Distrik Herbert in die Noordkaap op 28 Mei 1952. Hy gaan skool by die Berlynse Sendingskool tot in die eerste kwartaal van St 1 toe die familie vanwee sy pa se werk as tronkbewaarder na die Bolands dorp Worcester verhuis in 1961. Daar woon hy die Primêre Skool Esselenpark by en matruleer in 1970 aan die Sekondere Skool Esselenpark in Worcester. In 1971 skryf hy in as student by die Universiteit van Wes-Kaapland waar hy agtereenvolgens 'n BA Admissie, Diploma in Teologie en 'n Lisensiaat in Teologie verwerf met 'n skripsie oor die lydensdenke van Herman Wiersinga in sy boek "Verzoening met het lijden".

Hy word in 1978 gelegitimeer om tot die bediening van die NG Sendingkerk toe te tree. Sy eerste gemeente is Vanrhynsdorp in die Knersvlakte, daarna die gemeente St Helenabaai in Laaipek-Velddrift aan die Weskus en daarna vertrek hy met sy gesin vir verdere studie aan die Rijksuniversiteit Utrecht in Nederland. Daar verwerf hy die Nederlandse Doktorandus in Teologie in Desember 1989. In Januarie 1990 begin hy sy loopbaan as akademikus in die

Departement Missiologie aan Unisa op uitnodiging van Prof DJ Bosch. Hy vorder deur die range by Unisa op grond van 'n sterk ontwikkelende akademiese rekord wat die aflewering van Meesters en Doktorale studente en sy navorsingsuitsette betref. In 2007 word hy bevorder tot Senior Professor in die Missiologie. Naas sy akademiese werk en ander vorme van akademiese burgerskap, dien hy ook vir sewe jaar agtereenvolgens as Departementshoof waartydens hy 'n blywende relasie tussen sy Department in besonder en Unisa in die algemeen bewerkstellig met die Duitse Gesellschaft fur Bildung und Forschung Europas. Hy tree in 2017 uit diens by Unisa.

Tans lewer hy steeds werk vir Unisa as onafhanklike kontrakteur vir die begeleiding van nagraadse studente. Hy is verder ook betrokke by die Geloofstaalinisiatief van die Afrikaanse Taalraad en dien as Raadslid in die Raad van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns.

De fundamentele paradox in Lucas' beleving van geld en eigendom



Prof. Paul van Geest, hoogleraar in teologiese vakgebiede aan die Erasmus Universiteit, Rotterdam, Tilburg Universiteit en gashoogleraar aan die Katholieke Universiteit Leuven

Opsomming:

Er is door geen enkele schrijver in het Oude noch het Nieuwe Testament een systematische verhandeling geschreven over vraagstukken die vandaag de dag in economie als wetenschapsdiscipline worden behandeld. Toch zijn er uitgangspunten en principes verwoord die in de economie zeer bepalend werden. Zo wordt 'Armoede', begrepen als het ontbreken van essentiële consumptiegoederen, in het Oude Testament bijvoorbeeld als verre van ideaal gezien. (Deut. 15:4). De eerste interpreten van de Schrift, de kerkvaders, wezen in hun exegese van de meer 'economische' passages uit het werk van de evangelisten vooral op de morele gevaren die de handelsactiviteiten in zich dragen. Irenaeus van Lyon schroomt bijvoorbeeld niet de later ook veel geciteerde passage uit Lucas' evangelie over de 'Mammon van de ongerechtigheid' (Lc. 16:9; cf. Mat. 6:24) als bron te gebruiken om het streven naar winst als abject te omschrijven, omdat hierin de hang naar geld wordt geïntensiveerd die een relatie met God in de weg staat.

In mijn lezing wil ik enige aandacht besteden aan de wijze waarop Lucas in zijn evangelie geld en eigendom waardeert. Van alle nieuwtestamentische auteurs tematiseert hij deze immers het meest. Op het eerste gezicht lijkt geld voor Lucas een divisieve issue. Geldzucht maakt van een tempel een rovershol en verhindert mensen zicht te richten het sacrale (Lc. 19:45-48). Rijkdom bewerkt een enorme scheiding tussen de rijke man en Lazarus (Lc. 16: 19-31). Ruzie om een erfenis zette de ene broer of zus tegen de andere op (Lc 12: 13-15). En Zacheüs werd gemeden door zijn mede-Joden, omdat hij geld belangrijker vond dan solidariteit met zijn volk (Lc. 19: 1-10).

Toch is hiermee niet alles gezegd. In de lezing wil ik wijzen op een paradox die in het evangelie van Lucas weerklinkt als de evangelist over geld en eigendom spreekt.

Kort CV:

Prof. dr. P. (Paul) J.J. van Geest, is hoogleraar economie en theologie aan de Erasmus Universiteit van Rotterdam, hoogleraar kerkgeschiedenis en geschiedenis van de theologie aan Tilburg University en gasthoogleraar aan de Katholieke Universiteit Leuven. Hij is lid van verschillende internationale wetenschappelijke academies, waaronder de Pauselijke Academie voor Theologie in Rome, en de SA Akademie.

❖ **Bespreking van die referate en vrae aan die referente vind op
16 September 2021 om 14:00 tot 17:00 plaas.**

**Registreer by linda@akademie.co.za om 'n skakel na die simposium te
ontvang.**